

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 196

(Mei 1985)

Besluit van God oor die mens.

* * * * *

"Na die besluit, uit Hom gebore
en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore
voordat daar tyd of wêreld was"

(Ef. 1:4 berym [Sb. 24:1])

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Voordat daar tyd of wêreld was...

Efesiërs 1:3—14 is 'n loflied op die uitverkiesende genade van God in Jesus Christus.

In hierdie gedeelte besing die apostel Paulus, en saam met hom elke gelowige, die seëninge wat spruit uit God se ewige verkiesing en sy onveranderlike raadsbesluit:

- Nog voordat die wêreld geskep is, het Hy ons in Christus uitverkies (vs. 4).
- Hy het ons, volgens sy genadige beskikking, toe al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees (vs. 5).
- Kragtens sy besluit en voorneme het Hy die geheimenis van sy wil deur Christus tot uitvoering gebring (vs. 9, 10).
- Deur Christus het ons deel geword van sy volk, soos Hy dit vooruit al bestem het (vs. 11).

Dit gaan hier duidelik oor die feit dat God, volgens 'n onveranderlike voorneme, reeds voor die skepping van die wêreld 'n sekere aantal persone uit die hele menslike geslag na sy vrye welbehag uit louter genade in Christus tot die saligheid uitverkies het.

Dit gaan hier oor 'n saak wat vir baie mense problematies is — die uitverkiesingsleer.

Die feit van die voorbeskikking van God op grond van sy ewige wilsbesluit, is vir baie mense moeilik om te aanvaar, want so redeneer hulle —

- Hierdie leer maak van die Here 'n ongenaakbare God wat eiesinnig sommige mense uitkies en andere verwerp.
- En dit maak van die mens 'n willose slagoffer van God se willekeur.

Wie egter die ewige besluit van God se uitverkiesing só vertolk,

- is op 'n dwaalweg.
- hy doen die Bybelse waarheid geweld aan,
- en hy toon 'n totale onbegrip van God se verkiesende genade. Want in sy uitverkiesing het die gelowige die heerlikste besit denkbaar. Nou hoef hy die sekerheid van sy ewige bestemming nie in homself te soek nie, want dit lê onwrikbaar vas in die ewige besluit van God. Nou kan die gelowige daarvan seker wees dat niemand die uitverkorenes van God kan aankla nie, want God self spreek hulle vry. (Rom. 8:33.)

Nou kan ek deur my geloof die sekerheid hê dat al die gawes en seëninge wat ek ontvang, stoflik sowel as geestelik, wortel in die ewige verkiesing van God, en dat die kroon daarop uiteindelik sal wees die ewige saligheid.

Tot my eie saligheid kan ek geen enkele bydrae maak nie — *alles is genade!*

Volgens God se ewige besluit is hierdie genade geopenbaar in die versoeningswerk van Jesus Christus. Hy is die middelpunt van die uitverkiesing.

Alleen deur ons verbintenis met ons Here Jesus Christus is ons uitverkorenes van God.

Dit is opmerklik hoedat Efesiërs 1 by herhaling sê:

- ons is *in Christus* uitverkies;
- *deur Jesus Christus* is ons sy kinders
- *deur Christus* het ons deel geword van sy volk.

Ons was dood in die sonde, maar Hy het ons self lewend gemaak.

Die Heilige Gees skenk ons daagliks die verdienste van Christus.

Ons ontvang alle seëninge alleen omdat God ons in Jesus Christus begenadig het.

En by hierdie onpeilbare genade wat God volgens sy ewige besluit in Christus aan elke gelowige bewys, kan ons alleen maar verwonderd neerkniel en in lofverheffing bely: Nie aan ons nie, o Here, nie aan ons nie, maar aan U kom toe die lof en die dank en die eer en die aanbidding van ons harte.

Die gelowige moet aan sy uitverkiesing volgens Goddelike besluit nooit twyfel nie.

Laat u die belofte van die Evangelie welgeval.

Glo die toesegging van God, en kom dankbaar na Christus toe.

So is u lid van sy liggaam,

- deel van sy volk,
- opgeneem in sy voorneme,
- *uitverkore!*

Ds. Pieter van der Walt.

Uitverkies om te glo

Ef. 1:4: "So het Hy ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor God te wees."

Ek moet goeie werke doen om in die hemel te kom.

Baie mense dink dat dit is wat die Bybel ons leer. Daar is seker niks verder van die waarheid af as dit nie.

Voor die skepping

In Ef. 1:4 leer die Here ons dat God sy kinders alreeds voordat Hy die wêreld geskep het, uitverkies het. Hoe kan dit dan enigsins moontlik wees dat jou werke 'n bydrae kan lewer tot jou saligheid?

Nee, wanneer jy salig is dan is dit iets wat met jou gebeur, geheel en al buite jou toedoen om. Dit is egter ook so dat God 'n appèl maak op jou verantwoordelikheid.

In Fil. 2:13 sê die Here vir ons hoedat Hy ons wil inspan wanneer Hy ons uitverkies het. Daar staan:

"Dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om Sy wil uit te voer."

Omdat of om te

God verkies 'n mens nie uit omdat hy glo nie. Ef. 2:8,9: "Julle is inderdaad uit genade gered deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie, dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie." Wanneer jy glo dan is dit juis omdat God jou alreeds uitverkies het. Wanneer jy glo dan is dit die resultaat, die vrugte wat voortvloei uit die heerlike feit dat God jou alreeds uitverkies het — let wel, voor die grondlegging van die wêreld!

In Christus

Daar is 'n baie goeie rede waarom God 'n mens uitverkies, en dit is omdat Christus deur sy versoeningswerk aan die kruis ons sondes voor God bedek. Wanneer jy glo in Christus — dan alleen is jy *salig*.

Daar is geen ander manier om die ewige lewe te bekom nie as om dit te beërf. En as 'n mens iets *beërf* dan het jy tog nie daarvoor gewerk nie. Christus is die deur vir sy skape. Daar is geen ander manier om in die kraal te kom nie as net deur hierdie hek nie. In die nuwe Jerusalem sal slegs dié ingaan wie se name opgeskryf staan "in die boek van die lewe van die Lam." (Open. 21:27.)

Testament

Uit 'n testament erf 'n mens iets sonder dat jy dit verdien. Wanneer God jou naam in Sy testament opgeskryf het, dan is dit so nie omdat jy iets gedoen het dat dit so moet wees nie, maar omdat Christus gesterf het en Hy God se testament ten behoeve van jou van krag gemaak het. (Hebr. 9:16,17.) Wat die uitverkorene by God erf, kragtens sy testament, is die ewige lewe.

Heilig

'n Uitverkore mens is iemand wat heilig is — omdat God hom heilig en onberispelik gemaak het. Om voor God in die saligheid te kan verskyn, moet jy heilig, d.w.s. sonder sonde wees. Self kan jy nie só wees nie. Maar nou maak God jou só. Hy was jou met die bloed *van* Christus skoon sodat jy nou — buite jou eie toedoen om — waardig is om voor Hom te verskyn.

Sien u: By 'n mens se uitverkiesing draai dit alles net om een enkele saak, nl. die dood van Christus aan die kruis.

Daarom dat Paulus aan die Korintiërs skryf in 1 Kor. 15:3: "Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf."

Christus se versoeningswerk is genoegsaam om die sondes van alle mense af te was, maar slegs die, en die alleen, vir wie God uit sy vrye welbehae met die geloof begiftig, omhels daardie weldaad van Christus, en gryp dit aan met 'n ware geloof — en word gered!

Ds. A. H. Grove

Die wese van verlossing

Het u nie ook al vir u self die vraag afgeve: Waarom móés die Here Jesus sterf vir ons sondes?

Op dié manier moes sterf?

Aan 'n kruispaal?

Kon daar dan nie op 'n ander manier betaal word vir ons sondeskuld nie?

Hoekom die *dood* sterf? Is dit dan nie onregverdig nie?

Geliefde Leser, daar kon nie op 'n ander manier betaal word nie.

God is *barmhartig* maar ook *regverdig*.

God die Vader stuur sy Seun, Jesus Christus, na ons toe om ons vlees en bloed aan te neem

JUIS

omdat God *BARMHARTIG* is

vir *ONS*.

God wil ons nie in ons sondige moeras laat bly nie. God wil ook nie dat ons die ewige verdoemenis ingaan nie . . . dit is om sonder God te sterf.

Die barmhartigheid van die Here God sê in baie duidelike taal met die *daad* van die Here Jesus, dat *God lief is vir ons*. Dit gryp ons van harte vas. Maak dit nie ook vir u gelukkig maar ook dankbaar nie?

Ja sekerlik! Nou sal u dadelik sê, dis alles baie goed en verstaanbaar, maar *waarom* moes Jesus die dood sterf? Dit is omdat God nie net barmhartig is nie maar ook *REGVERDIG*.

Ons lees al in Gen. 2:16 en 17: "Van al die bome van die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van kennis van goed en kwaad mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet *STERF* jy". Sien u hoe groot het ék sterf geskryf?

Met ander woorde: Eet van daardie boom van alle kennis en jy sal *sterf*.

God het daarvoor Sy *woord* gegee.

En as God op Sy woord teruggaan en dit nie uitvoer nie is God ontrou aan Sy woord.

Dit sal beteken dat God ook soos ons *sondig* is.

En God het nie op Sy woord teruggegaan nie. Daarom moes die dood oorwin word.

En die mens het gesondig deur te eet.

Daarom móét die *MENS* betaal.

God wil nie dat 'n dier of 'n engel betaal nie.

Dan sou God onregverdig wees as Hy dit sou toelaat.

Maar juis omdat God regverdig is, laat *Hy* sy Seun Jesus volkome aan ons gelyk word, maar net sonder die sonde, om vir die sonde te betaal wat die *mens* gedoen het.

Sien u waarom is God *barmhartig* en *regverdig*?

Omdat God 'n God van liefde is.

Juis daarom hoef ons nie die dood te vrees nie. As ons sterf is dit nie meer 'n betaling van ons sondeskuld nie. Dit is vir ons 'n deurgang tot die ewige lewe.

En dit is *net* moontlik omdat Christus gesterf het *en opgestaan het*, dat ons kan lewe al het

ons ook gesterwe. (Joh. 11:25.)

Kom ons lees nou saam *uit* diepe dankbaarheid en *in* diepe dankbaarheid wat Paulus sê:
"Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.

Dood, waar is jou oorwinning?

Dood, waar is jou angel?" (1 Kor. 15:54.)

"Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee, deur ons Here Jesus Christus".
(1 Kor. 15:57.)

Ds. Andries H. Mulder.

Julle kinders behoort aan God

Hy's dood . . . doodgebore . . . die arme kind! Hy weet van niks . . . hy't nog niks gedoen nie — is nie eens gedoop nie! En nou? Wat word van hierdie kindjie . . . hierdie vroeggestorwe kindjie?

Weet jy . . . dis 'n vreeslike probleem vir 'n ouer wie se kind vroeg sterf:

Die vrae . . . en onduidelikhede . . . en hoekoms . . . en waaroms . . . en twyfel: Wat word van my kind? Sal hy hemel toe gaan?

En nou wil ek vir u sê, geliefde Leser: Oor hierdie saak getuig die Bybel:

— *dat die kinders van gelowiges heilig is.*

Hulle is heilig — nie van nature nie — maar kragtens God se *genadeverbond* wat Hy met so 'n kindjie se ouers opgerig het.

Geld dit ook vir jou en vir my? *Natuurlik.* Gaan lees in Genesis 17 hoedat God sy genadeverbond oprig met Abraham. En Abraham is die vader van *alle* gelowiges. Ook van ons. Dan sê God vir Abraham: Ek rig nou my verbond op *ook* met jou kinders. En ná Christus bevestig God hierdie verbond in Handeling 2:39: "*Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders.*"

Ook die apostel Paulus praat in hierdie verband. Ons lees in I Korinthiërs 7:14: "Julle kinders . . ." (dis nou die kind van die gelowige) . . . "behoort aan God!"

Ja . . . my geloof kan my kind red!

Daarom . . . kinders wat deur God in hulle jeug uit hierdie lewe weggeneem word . . .

- selfs by geboorte
- selfs al is hulle nie gedoop nie
- selfs al het hulle niks gedoen of gesê of geweet nie . . .

Sulke kinders *is* salig in en deur Jesus Christus se versoeningsbloed — as ek as *ouer* glo!

Sien jy nou hoe belangrik dit is dat jy as ouer glo?

Belangrik om te glo in Jesus Christus as *Saligmaker*

- in God as Skepper en Gewer van alles
- in die Heilige Gees wat heilig maak deur die Bybel!

Glo jy?

Ds. Nico Ligthelm

Ek wil God dien

In Matteus 7 sê Christus: "Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte." (vers 17) En daarmee vergelyk Christus vir jou en vir my . . .

Is jy 'n goeie of 'n slegte boom? Kyk na jou vrugte: Is hulle goed of is hulle sleg?

Want . . . om 'n goeie boom te wees en dus goeie vrugte te dra, beteken:

Dat jy deur *God* en nie deur jousef nie . . . goed is. 'n Boom is dus goed, omdat God hom goed gemaak het.

En hoe? Hoe maak God 'n boom/'n mens/sy kind goed? Deur wedergeboorte en bekering wat volg op reaksie op Sy Woord deur die werking van die Heilige Gees. Met ander woorde:

- Jy hoor God se Woord ... die Bybel
 - Daarop reageer jy
 - Bekering kom . . . omkeer . . . wegkeer van sonde.
- En dan dring God deur Sy Heilige Gees in die binneste dele van die mens . . .
 - Hy open jou hart om te glo
 - Hy vermurwe wat hart is
 - Hy besny wat onbesnede is
 - Hy maak lewend wat dood is
- En dan ontdek jy met jubeling en dankbaarheid:
 - Ek *wil* God dien
 - Ek *wil* gehoorsaam wees
 - Ek *wil* bid en Bybellees
 - Ek *wil* glo
 - Ek *wil* kerk toe gaan

Jy's 'n goeie boom — jou vrugte is die bewys.

Jesus Christus is die waarborg!

Wil jy, geliefde leser . . . *wil* jy God dien?

- ✓ **Dien Hom ... uit dankbaarheid**
- ✓ **Dien Hom ... uit genade.**

Jy sou God nie wou dien, as Hy nie sy Heilige Gees aan jou gegee het nie. Daarom moet ons nie twyfel nie . . . *jou* wil is die gevolg van God se wil, as jy die *goeie wil* doen.

Ds. Nico Ligthelm